Enige tyd, enige plek!

Stoffel: Speelgoed te koop! Speelgoed te koop!
Wouter: Hallo, Stoffel! Wat maak jy?
Stoffel : O hallo, Wouter!....Hmmmm.. ek is besig om my speelgoed te verkoop, Dommie!
Wouter: O! Nou hoekom wil jy dit doen?
Stoffel: Want ek wil baie geld kry!
Wouter: O.... En wat wil jy met die geld doen?
Stoffel: Ek gaan vir my 'n buskaartjie koop!
Wouter: O....Hmmm, maar waarheen?
Stoffel: Ek moet Bloemfontein toe gaan! En dis te ver om te loop!
Wouter: O, ja! Dis baie ver om te loop. Ek weet …want my pa gaan altyd rugby kyk daar en dan vat dit hom 'n hele naweek voor hy eers terugkom!
Stoffel: Nou toe! Wat gaan jy by my koop?
Wouter: Mmmmm… laat ek sien….. Oeeee….. hierdie rooi sportmotor lyk cool!
Stoffel: O , dit is my Favourite karretjie! Hy ry die vinnigste van al my karre!
Wouter: Nou hoeveel kos hy?
Stoffel: R100!
Wouter: Waaaat??? Nee, nou is jy mos heeltemal mal!
Stoffel: Is nie! Dis my beste karretjie!!
Wouter: Jy is mal!! Ek sal nie eers R20 vir daai ding betaal nie!
Wysmuis: Wat gaan hier aan?! Waaroor baklei julle twee al weer?
Stoffel: Dis Wouter, Wysmuis! Hy sê ek is mal!!!
Wouter: Hy is mal, Wysmuis!!!
Wysmuis: Bedaar tog, julle, ek is seker dis net weer een of ander misverstand. Wat is in jou mandjie , Stoffel?
Stoffel: [Dikbek] My speelgoed. Ek verkoop dit vir geld en nou wil Wouter nie betaal nie! Hy sê my pryse is mal!
Wouter: Gmmmph… R100 vir die stuk gemors! Hy is mal!
Wysmuis: Maar hoekom het jy geld nodig, Stoffel?
Stoffel: Want ek moet Bloemfontein toe gaan! En ek moet 'n buskaartjie koop, want dis te ver om te loop!
Wysmuis: Bloemfontein??? Maar wat moet jy daar gaan maak?
Stoffel: Ek moet gaan BID!
Wysmuis: Gaan bid? Nee, Stoffel , dis nou nie iets wat ek sommer sê nie, maar nou verstaan ek nie so lekker nie.
Stoffel: Ma sê daar is n oom…. Emmm… oom…oom Angus in Bloemfontein wat vir almal gaan bid. En al die mense gaan soontoe om te bid vir ons land. Toe dink ek… dan moet ek ook gaan om vir my ouma te gaan bid wat siek is!
Wouter: Ja! En nou wil hy my geld vat daarvoor!
Wysmuis: Haai , Stoffel. Jy hoef nie Bloemfontein toe te gaan om vir jou ouma gaan bid nie…Jy kan sommer net hier bid! …Weet jy dat wanneer ons die Bybel lees, praat God met ons? Maar wanneer ons bid, is dit ons manier om met God te praat.
Stoffel: So kan ons op enige plek met God praat? By die skool, op die sportveld ?
Wysmuis: Ja, natuurlik! Enige plek. Partykeer kan ons hardop bid en ander kere praat ons sommer met God in ons koppe. Dis ook n manier van bid.
Wouter: Maar Wysmuis,… Is God nie te besig om na almal te luister nie?

Wysmuis: O, nee. Die Bybel sê in Jeremia dat God altyd hoor as ons bid . Hy ken elkeen van ons se stemme en Hy is nooooooit te besig om te luister nie!

Wouter: So… Enige tyd en enige plek! Dit klink vir my goed!

Stoffel: Sjoe , dankie, ou Wysmuis! Jy is darem maar slim. Nou hoef ek darem nie meer my speelgoed te verkoop nie! Ek gaan nou sommer dadelik bid!

Wouter: Ja! Ek dink ek ook!!

Almal: Totsiens Maats!!! Tot volgende keer!!!